Downloaded from Stanmorephysics.com



# KZN DEPARTMENT VAN ONDERWYS
# GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL
# JUNIE EKSAMENS – 2017
# AFRIKAANS EAT – VRAESTEL 2
# LETTERKUNDE

| | |
|---|---|
| **PUNTE** | : 70 |
| **DATUM** | : 27JUNIE 2017 |
| **GRAAD** | : 11 |
| **TYDSUUR** | : 2 UUR |
| **EKSAMINATRISE** | : S. SUKHNANAN |
| **MODERATRISE** | : A. RAMNATH |

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

## INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit 2 AFDELINGS.
   - Afdeling A – Poësie : 2 Gedigte : 35 punte
   - Afdeling B – 2 Kort Verhale : 35 punte.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
4. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
5. Tydsindeling : Bestee omtrent 30 minute aan elke vraag.
6. Skryf die voorletters van jou onderwyser/es : SRP; SRe; PS; PR; ARa; SSu.
7. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A – Poësie

### VRAAG EEN – Oppie Cape Flats

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.


*Oppie Cape Flats*

*(Met apologie aan Toon van den Heever)*

Oppie Cape Flats waar dit crowded is
en djy skaars die hiemel boe kan sien
Waa snotnies laaities haastig oor biesagie
strate virrie karre moet saaidstep
Waar die girlies nog moet rollers innie
hare innie strate loep ...
Waar 'n mens glattie lekke asem kan kry
nie oorrie dagga fumes innie lug ...
en God van djou vegiet het!
Daa het ek opgegroei, my broe

En as ek innie propvol tronk sit
en kopvriet oo' my crimes, dan droem
ek vannie nice time:
vannie lekke disco's ...
ennie daylight robberies ...
ennie nice times moet Myra vannie Kriefgat!

Oppie Cape Flats, waar dit crowded is
en djy glattie vêr kan sien oorrie baie shacks
(Die buttons se blou roek lat djou oë soema traan)
Daa wag my mense nog vir my,
wag al vi siewe djaar!
Ma as die ve'lange na my family stêk wod en
ek hoo die guard se slietels raas,
dan wish ek soe ek was by my laaitie
om hom te warn tien 'n liewe soes myne!
Dan soek ek in my mind al die tye
op waa ek skiefgetrap het asse laaitie.



**VRAE :**

1.1 Skryf die titel "Oppie Cape Flats" in standaard Afrikaans uit. [1]

1.2 Watter soort spreker is aan die woord in hierdie gedig? [1]

1.3 Haal 'n versreël uit strofe een aan wat na dwelmgebruik verwys? [1]

1.4 Volgens die spreker, hoekom is die "dagga fumes" (Verseël 8) gevaarlik? [1]

1.5 Hoe weet die leser dat die spreker 'n misdadiger is? [1]

1.6 Sê hoekom die volgende stelling onwaar is.

 1.6.1 Daar is nie baie mense in die tronk nie. [1]

1.7 Waaroor droom die spreker in sy tronksel? Noem twee dinge. [2]

1.8 Hoe lank is die spreker in die tronk? [1]

1.9 Beskryf die gemoedstoestand van die spreker in die laaste strofe? [1]

1.10 Noem die beeldspraak in Versreël 23? [1]

1.11 Bespreek die beeldspraak in Versreël 23. [1]

1.12 Na wie verlang die spreker in Versreël 24. (Skryf in suiwer Afrikaans). [1]

1.13 Waarteen wil die spreker "my laaitie" waarsku? [1]

1.14 Voel jy simpatie vir die spreker? Hoekom sê jy so? [1]

1.15 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

 1.15.1 Oorbewolking het die volgende veroorsaak :

  A) Kan nie ver sien nie.

  B) Almal was gemaklik.

  C) Hulle het mooi huise gehad. [1]

 1.15.2 Myra vannie Kriefgat was :

  A) Die spreker se onderwyseres.

  B) Die spreker se meisie vriend / nooi.

  C) Die spreker se broer. [1]

 1.15.3 Die Kaapse vlakte is in :

  A) Die Wes-Kaap

  B) Kwa-Zulu Natal

  C) Gauteng [1]

**[18]**

## <u>VRAAG 2</u> – Die Tarentaal

*Die tarentaal*

Die kruiwawiel se skreeugeluid
kerm hy droefgeestig uit
terwyl die skeemring vinnig daal,
die tarentaal.

Hy soek – en dit is ook al laat –
vir hom 'n kameraad,
om in 'n boom die eensaamheid
en nag te slyt.

Sáám sal hul in 'n blinkblaarboom
half slaap, half waak, half droom,
en by die naadring van verderf,
alléén nie sterf.

*

Ek het gemik; en met die knal
het een dood neergeval;
die ander vlieg met wilde krag
wég in die nag!

**Glossarium**

kruiwawiel (*wheel of wheelbarrow*) – selfstandige naamwoord – die wiel van 'n stootbak met een wiel voor en twee handvatsels agter
droefgeestig (*mournfully*) – bywoord – hartseer en eensaam
skeemring (*dusk*) – selfstandige naamwoord – skemering: tyd tussen lig en donker
kameraad (*mate*) – selfstandige naamwoord – maat
slyt (*spend*) – werkwoord – deurbring
naadring (*approach*) – selfstandige naamwoord – nadering: wat naderkom
verderf (*perdition*) – selfstandige naamwoord – die dood
knal (*bang*) – selfstandige naamwoord – harde klapgeluid

## <u>VRAE</u> :

2.1 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die antwoord neer.

2.1.1 Die tarentaal is 'n (voël / vis). [1]

2.2 Waarna soek die tarentaal in strofe 1 en strofe 2? [1]

2.3 Sê hoekom die volgende stelling 'Waar' is. Haal een woord uit strofe een aan om jou antwoord te motiveer.

2.3.1 Die tarentaal voel hartseer. [1]

2.4 Watter rymskema kom voor in hierdie gedig? [1]

2.5 Haal een Versreël uit strofe EEN aan wat dui aan dat dit aand is. [1]

2.6 Waarna verwys die "hy" in versreël 5. [1]

2.7 Bespreek die funksie van die aandagstrepie in versreël 5. [1]

2.8 Haal 'n woord uit strofe 2 aan wat dieselfde as "maat" beteken. [1]

2.9 Verduidelik hoekom die tarentaal volgens die gedig 'n maat wil hê. [1]

2.10 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die korrekte letter neer.

2.10.1 Die Beeldspraak in versreël 1 is 'n voorbeeld van :

A) Vergelyking

B) Personifikasie

C) Metafoor [1]

2.11 Bespreek die gevoelens van die tarentaal in versreël 10? [1]

2.12 Hoekom dink jy hy so voel? [1]

2.13 Haal die twee woorde uit strofe 3 aan wat dui aan 'n antitese of teenstelling. [2]

2.14 Na wie verwys die "Ek" in strofe 4? [1]

2.15 Hoe het tarentaal gesterf? [1]

2.16 Bespreek die tema van die gedig? [1]

**[17]**

## AFDELING B – KORT VERHALE

### VRAAG DRIE – Koning van die Townships

Lees die volgende uittreksel goed deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Uit blote nuuskierigheid besluit meneer Brydon om die begrafnis by te woon, alhoewel sy gesonde verstand vir hom sê dat dit riskant is, want as die ander bendes jou by so 'n begrafnis sien … Soos een van die familie gaan plaas hy ook 'n blommetjie op die oorledene. Hy is net besig om so by homself te reken dat dit 'n mooi lyk is – want hy het 'n pragtige pak klere en das aan en sy vingers, waar dit voor sy bors gekruis is, het elkeen 'n goue ring aan – toe hy in die lyk se gesig kyk. Groot en duidelik is op sy voorkop uitgetatoeëer: "Kyk vir jou ma se #$&."
>
> Die grootste gedeelte van die diens gaan by hom verby, maar hy hoor darem die pastoor praat van Kain en Abel, Bybelse *gangs* en Brother Mo' wat 'n Egiptenaar vermoor het, maar die hemelpoorte in is.
>
> Snaaks genoeg, Seppie het nooit by enige spesifieke groep of bende by die skool aangesluit nie, alhoewel hy beslis nie 'n alleenloper was nie. Sy vriendekring was wyd as gevolg van sy gewildheid as rugbyspeler.

3.1 Gee Seppe se volle naam. [1]

3.2 Noem die soorte motors wat die lykwa gelei het? [1]

3.3 Sou jy sê dat Seppie 'n fiks jong man was? Haal EEN WOORD aan wat Seppie fisies beskryf as motivering. [1]

3.4 Hoekom het Seppie skool verlaat? [2]

3.5 Verduidelik een positiewe rol wat Seppie in sy klas gespeel het. [1]

3.6 Wat is die naam van Seppie se bendegroep? [1]

3.7 Noem twee soorte misdade waarin Seppie betrokke was? [2]

3.8 Sê hoekom die volgende stelling 'onwaar' is en gee een rede as antwoord.

  3.8.1 Niemand was bewus van Seppie as bendeleier van Elsiesrivier nie. [1]

3.9 Watter misdaad het Seppie aan die einde gepleeg wat hom agter tralies laat beland het? [1]

Blaai om …

3.10 Wat het die jong dogter gedoen wat baie ander nie die moed gehad het om te doen nie. [1]

3.11 Hoe het Seppie gesterf? [1]

3.12 Bespreek die tema van die kort verhaal? [2]

3.13 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraag nommer en die korrekte letter neer.

3.13.1 Mnr. Brydon het nie aandag aan Seppie gegee nie toe Seppie skool verlaat het want

A) Seppie was een van vele leerders en Mnr Brydon het nie tyd gehad nie.

B) Mnr Brydon het nie van Seppie gehou nie.

C) Mnr Brydon het nie Seppie geglo nie. [1]

3.13.2 Die hoof van die skool was bly dat Seppie skool verlaat het want

A) Daar was geen plek in die skool nie.

B) Seppie was 'n gehoorsame leerling.

C) Seppie het in sekere klasse dissipline probleme gegee. [1]

3.13.3 Seppie het die volgende rede vir Mnr. Brydon gegee vir die verkragting van die jong meisie.

A) Die meisie was baie mooi.

B) Die meisie het op hom neergekyk.

C) Die meisie was sy nooi. [1]

3.13.4 Die rede hoekom die mense van Elsiesrivier bly was oor Seppie se dood.

A) Hulle het veilig gevoel.

B) Hulle het baie van Seppie gehou.

C) Seppie het geld vir hulle gegee. [1]

**[19]**

## VRAAG VIER – Die Geskenk

Lees die volgende uittreksel goed deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

*Die geskenk*

Ek sien Pa skaars, net soggens by brekfis. Hy kom laat van sy werk af, en drink dan 'n drankie en gaan dan uit. Soms sê hy vir my: "Toe, kom sit hier," wanneer hy sy drankie drink. Dan sit ons en kyk deur die groot glasvenster na die baai wat daar onder lê, en ons kyk na die liggies wat so een vir een en dan sommer in trosse aangaan. Ons praat nie baie nie. Eers was die liggies vir my mooi, maar nou wanneer ek so by Pa sit, smeer hulle en loop saam en my keel trek saam, my keel word droog en ek kan nie praat nie.

Dan skink Pa vir my 'n koeldrankie en ek probeer dit sluk. Hy sluk vinniger en dan gooi hy sy koerant opsy, en sê: "Nou ja, ek eet vanaand uit. Nora sôre vir jou, nè?"

By die skool sê hulle vir my hy kuier by 'n weduvrou; hulle sê sy is mooi en sy't ander kêrels ook. Hulle sê hulle het my pa en die vrou saam gesien en ek sal hom nie ken nie, hy lag met haar en vat haar onder die elmboog wanneer hulle die restaurant ingaan.

My pa kom baie laat saans in. Somtyds kan ek nie langer wakker bly nie, dan slaap ek. Somtyds lê ek wakker totdat ek die voordeur hoor. Nora se kamer is ver. Somtyds gaan ek na hulle kamer. Ek het gisteraand gegaan en my kop op hulle kussing neergesit. Dis toe dat ek op die tafeltjie langs sy kant die rekening van die juwelierswinkel sien: 'n goue horlosie vir 'n baie groot klomp geld. Dit is al 'n maand tevore gekoop. 'n Maand gelede is nie so vreeslik lank nie.

## VRAE :

4.1 Watter soort verteller kom voor in hierdie verhaal? [1]

4.2 Haal 'n woord uit die EERSTE VERSREËL aan wat aandui dat die verteller haar pa baie min sien. [1]

4.3 Hoekom dink jy is die liggies nie meer mooi vir haar nie? [1]

4.4 Sê hoekom die volgende stelling 'Onwaar' is. Haal vier agtereenvolgende woorde aan om jou antwoord te motiveer.

4.4.1 Die horlosie was spotgoedkoop. [1]

4.5 Gebruik een woord om die horlosie te beskryf. [1]

4.6 Wie het vir die kind al die stories oor haar pa en die weduvrou vertel? [1]

4.7 Watter bewys was daar op die tafel dat haar pa die horlosie van 'n juwelierswinkel gekoop het? Haal EEN WOORD aan as antwoord. [1]

4.8 Waneer het haar pa die horlosie gekoop? [1]

4.9 Hoekom het die weduvrou die verhouding tussen die verteller se pa en haar gebreek? [1]

4.10 Wat het die pa daarna met die horlosie gedoen? [1]

4.11 Verduidelik hoekom die verteller verbaas was toe die pa die horlosie vir haar gegee het? [1]

4.12 Watter reuk het die verteller van die horlosie gekry? [1]

4.13 Pas kolom A met kolom B. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.13.1 Die verteller het dit gebruik om die reuk van die horlosie wegte vryf. | A) Naelvyl<br>B) Dosie |
| 4.13.2 Die verteller het dit gebruik om die horlosie oop te maak. | C) Dettol<br>D) Goue riffie |
| 4.13.3 'n Mens gebruik dit om geskenke in te plaas. | |

[3X1]

4.14 Bespreek die boodskap in die verhaal? [1]

**[16]**

## GROOTTOTAAL : [70]

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MR S R PANDAY

# AFRIKAANS P2 – GRAAD 11

## MEMO

## AFDELING A

### VRAAG EEN

1.1 Op die Kaapse vlakte. [1]

1.2 Eerste person / Ek spreker. [1]

1.3 'n oorrie dagga fumes innie lug. [1]

1.4 'n Mens kan nie lekker asem haal nie. [1]

1.5 Hy sit in 'n propvol tronk. [1]

1.6.

1.6.1 Die tronk is propool. [1]

1.7 Lekker discos; daylight robberies, Myra. [2]

1.8 Sewe jaar. [1]

1.9 Harteer / ongelukkig / depressief / teneergedruk. [1]

1.10 Personifikasie. [1]

1.11 'Raas' is n menslike kwalitiet – gee die sleutels 'n menslike kwalitiet. [1]

1.12 Sy familie / "laaitie". [1]

1.13 Teen die lewe wat hy gelei het / misdaad. [1]

1.14 Leerders se antwoorde. [1]

1.15 .

1.15.1 A [1]

1.15.2 B [1]

1.15.3 A [1]

**[18]**

## VRAAG TWEE

2.1 .

2.1.1 Voël. [1]

2.2 'n Maat. [1]

2.3 .

2.3.1 Droef geestig. [1]

2.4 Paarrym. [1]

2.5 "terwyl die skeemring vining daal. [1]

2.6 Die tarentaal. [1]

2.7 Gee meer inligting waarna hy soek. [1]

2.8 Kameraad. [1]

2.9 Hy wil nie alleen sterf nie / wil nie alleen wees nie. [1]

2.10 .

2.10.1 B [1]

2.11 Treurig / ongelukkig / hartseer. [1]

2.12 Voel die nadering van die dood. [1]

2.13 "Saam" "alleen" [2]

2.14 Die spreker / jagter. [1]

2.15 Die jagter het hom doodgeskiet. [1]

2.16 Die hartseer wat ervaar word as 'n lewens maat sterf. [1]

**[17]**

## AFDELING B

### VRAAG DRIE

3.1 Jacob September [1]

3.2 BMWs [1]

3.3 Atleties – geboude. [1]

3.4 Werklose pa dronk ma. [2]

3.5 Hy het dissipline gehou / nie toegelaat dat leerders raaserig word nie. [1]

3.6 Young Ones. [1]

3.7 Roof, moord, verkragting (enige twee). [2]

3.8 Media was vol van sy misdade. [1]

3.9 Het 'n jong meisie verkrag. [1]

3.10 Teen hom getuig. [1]

3.11 Iemand het sy keel afgesny. [1]

3.12 Tieners wat potential het gebruik hulle talente in negateiwe maniere weens hulle omstandighede. [2]

3.13 .

3.13.1 A [1]

3.13.2 C [1]

3.13.3 B [1]

3.13.4 A [1]

**[19]**

**VRAAG VIER**

4.1 Eerste persoon / ek verteller. [1]

4.2 "skaars" [1]

4.3 Trane in haar oë – liggies word gesmeer / hartseer. [1]

4.4.

4.4.1 Baie groot klomp geld. [1]

4.5 Goue / duur. [1]

4.6 Die leerlinge by die skool. [1]

4.7 Rekening. [1]

4.8 'n maand gelede. [1]

4.9 Sy het 'n ander kêrel gehad. [1]

4.10 Het dit vir sy dogter / verteller gegee. [1]

4.11 Dit was nie haar verjaarsdag nie. [1]

4.12 'n vrou se parfuum. [1]

4.13 .

4.13.1 C [1]

4.13.2 A [1]

4.13.3 B [1]

4.14 Die verlies wat kinders voel as een van hulle ouers dood is. (Aanvaar toepaslike antwoorde). [1]

**[16]**

**GROOTTOTAAL : [70]**